
Cairns
REGIONAL COUNCIL

# Copperlode Falls Dam Noodtoestand Ontruimingsgids

## Weet waarheen om te gaan



### My inligting

Naam: Kaart No: Bladsy No:

Eiendom Adres:

NOTA: Hierdie Noodtoestand Ontruimingsgids hou SLEGS verband met aankondigings deur die Vroeë Waarskuwingstelsel in die geval van 'n damdefek.

MEI 2024

# Copperlode Falls Dam Noodtoestand Aksieplan

In die uiters onwaarskynlike geval dat Copperlode Falls Dam (die dam) onklaar word, moet mense wat in die Redlynch Valley en aangrensende gebiede woon voorbereid wees en weet wat om te doen.

***In 'n noodtoestand is elkeen verantwoordelik vir hulle eie veiligheid.***

Hierdie ontruimingsgids fokus op 'n onverwagte en dreigende damdefek. Dit verduidelik die vroeë waarskuwingstelsel en beskryf die aksies wat inwoners moet uitvoer wanneer hulle hierdie waarskuwings ontvang en hoor. In die geval van 'n verwagte damdefek wat nie dreigend is nie, sal inwoners en mense binne die gebied meer tyd kry om op te tree.

**Inwoners en besigheidseienaars moet hierdie gids gebruik om hulle noodontruimingsplan voor te berei, te deel en te oefen deur:**

- Die vroeë waarskuwingstelsel en sirene klanke te leer
- Uit te vind of jy in 'n 'rooi sone' onmiddelik stroomaf van die dam bly
- Te weet waar jou naaste ontruimingsbyeenkomspunt is
- Die vinnigste onbelemmerde roete na die ontruimingsbyeenkomspunt te beplan
- Te verstaan dat jy moet loop (nie ry nie) in die geval van 'n ontruiming.

Copperlode Falls Dam is die vernaamste verskaffer van water vir die Cairns Streek. As die eienaar van die dam, het Cairns Streeksraad 'n Noodtoestand Aksieplan (EAP) wat rolle, verantwoordelikhede en kommunikasie prosedures vir gebruik in 'n dam-verwante noodtoestand verduidelik. Die EAP identifiseer areas en eiendomme met die grootste risiko, beskryf as die 'rooi sone' in hierdie gids, en hoe inwoners in kennis gestel gaan word in 'n dam-verwante noodtoestand. Die EAP is beskikbaar op die Raad se webblad: www.cairns.qld.gov.au/copperlodeEAP



# Die stadiums van ontruiming

## Aktivering van Vroeë Waarskuwingstelsel

Die Vroeë Waarskuwingstelsel word geaktiveer in die hoogs onwaarskynlike geval van 'n damdefek. Die stelsel gebruik die nuutste tegnologie om waarskuwings in werklike tyd aan inwoners en besoekers te stuur via teksboodskappe, telefoonoproepe, e-pos en verskeie **Buitelug Waarskuwingstasies** (sirenes) wat regdeur die Redlynch Valley vanaf Crystal Cascades tot Brinsmead geplaas is. Hierdie stasies stuur outomatiese waarskuwingseine uit en speel voorafopgeneemde stemboodskappe deur luidsprekers wat op torings opgesit is.

## Sirene klanke


Die klank van die sirene verskil van 'n standaard noodtoestandwaarskuwingsein. Dit het 'n unieke *whoop whoop* klank en stuur 'n spesifieke damdefek boodskap.

In die uiters onwaarskynlike geval van 'n damdefek, sal die sirene gevolg word deur 'n opgeneemde stemboodskap:

**NOODTOESTAND – NOODTOESTAND – ONTRUIM NOU – BEWEEG NA HOËR GROND**

Wanneer hierdie boodskap gehoor word, moet alle inwoners en besoekers in die area onmiddellik hulle noodtoestandontruimingsplan implementeer.

Jy kan na die sirene klank en opgeneemde stemboodskap luister op die Raad se webblad: www.cairns.qld.gov.au/copperlodeEAP




*Buitelug waarskuwingstasies, slegs kunstenaarvoorstelling*

## Addisionele Waarskuwings

Cairns Streeksraad gebruik verskeie teksboodskap-waarskuwingstelsels in die geval van 'n noodtoestand. 'Cairns Alert' is die Raad se kommunikasieplatform wat gebruik word om alarmseine en waarskuwings oor plaaslike rampe en noodtoestand gebeure via SMS en e-pos uit te reik. Hierdie waarskuwings is amptelike kommunikasie vanaf die Plaaslike Ramp Bestuursgroep. Om hierdie waarskuwings te stuur, word belastingbetalers wat binne die rooi sone bly, se besonderhede verkry vanaf die Raad se erfbelasting databasis. Inwoners (en veral huurders) kan inteken op die diens. SMS waarskuwings kan ook ontvang word via die Nasionale Noodtoestand Waarskuwingstelsel. Jy hoef nie in te skryf vir hierdie diens nie. Die Raad bestuur ook die Cairns Ramp Dashboard wat nuus oor rampe en inligting deur die Internet voorsien. Besoek: disaster.cairns.qld.gov.au

### Belangrike nota

Ontruimingswaarskuwings sal slegs plaasvind indien die Copperlode Falls Dam se damwal sonder waarskuwing ineengestort het of as dit hoogswaarskynlik is dat 'n damdefek in die nabye toekoms sal voorkom.



# Tydens 'n ontruiming

## Neem onmiddellike aksie

As jy in die rooi sone geleë is en jy hoor 'n waarskuwing om te ontruim, moet jy **onmiddelik gaan**. Gaan **te voet** na jou naaste bymekaarkomplek (gemerk met 'n sterretjie op die kaarte op bladsye 6-16) SONDER OM TE RY OF ONTRUIMINGSROETES TE BLOKKEER - **MOENIE RY NIE**.

# Na 'n ontruiming

Bly by jou hoë grondgebied totdat jy ingelig word dat dit veilig is om te gaan. Hou aan luister na amptelike kanale, want dit mag dalk nie veilig wees om terug te keer na jou eiendom toe nie. Meer inligting sal tydens en na die afloop van 'n ontruiming uitgesaai word deur hierdie kanale: plaaslike radio, TV, webbladsye, sosiale media en SMS-boodskappe.

Noodtoestand dienste sal raad en instruksies uitreik. Bel vir hulp as jy dit nodig het (sien **Noodtoestand Kontakbesonderhede** agterblad). Bly weg van vloedareas, selfs as ken jy hulle goed.

# Wees voorbereid en weet waarheen om te gaan.

Ons almal het 'n belangrike rol om te speel deur voorbereid te wees om op te tree gedurende 'n noodtoestand en seker te maak dat ons gemeenskap veilig is. Dit is noodsaaklik vir elkeen se veiligheid dat jy hierdie plan bespreek en deel met jou familie, huishoudelike lede of sakevennote.

## Merk jou ontruimingsroete nou.

Gebruik die volgende kaarte om uit te vind of jou huis of besigheid in of naby aan die rooi sone is.

Die sterretjies op die kaart dui bymekaarkomplekke aan.

Jy moet die naaste ontruimingsbymekaarkomplek vind wat buite die rooi sone is. Nooddienste kan ondersteuning verleen by hierdie bymekaarkomplekke nadat die onmiddellike bedreiging verby is.

**Deur hierdie stappe nou te volg sal jou tyd spaar indien die vroeë waarskuwingstelsel geaktiveer word en die sirenes en ontruimingsboodskap gehoor word.**

## STAP 1 Vind jou eiendom


- Gebruik kaarte 1-10 om jou eiendom te vind. Merk dit op die kaart en identifiseer of jou eiendom in die rooi sone is.

## STAP 2 Indien jou eiendom in die rooi sone is

- Moet jy jou naaste bymekaarkomplek vind. Hierdie punt sal in 'n gebied hoër as jou eiendom wees. Die sterretjies op die kaart dui bymekaarkomplekke aan.
- Teken 'n roete op die kaart van jou huis af na jou naaste bymekaarkomplek.
- Maak seker dat die ontruimingsroete na jou bymekaarkomplek geen potensiële gevare inhou nie, insluitend strome.
- Oefen om hierdie roete te stap.
- Identifiseer 'n alternatiewe/sekondêre gebied en ontruimingsroete ingeval die eerste een ontoeganklik raak. Merk hierdie sekondêre plek ook op die kaart.

## STAP 3 Indien jou eiendom nie in die rooi sone is nie, maar baie naby daaraan

- Oorweeg waarheen jy sal gaan indien jy na 'n hoër gebied verder weg van die rooi sone moet gaan, en merk dit op die kaart.
- Teken 'n roete om te neem van jou huis af na 'n veilige gebied op die kaart.
- Maak seker dat die roete na hierdie plek geen potensiële gevare inhou nie, insluitend strome of waterweë.
- Oefen om hierdie roete te stap.




## Geaffekteerde Area Kaarte

**Kaart 1** Crystal Cascades
**Kaart 2** Gamburra Drive Park
**Kaart 3** Currunda Creek
**Kaart 4** Cairns Crystal Cascades Holiday Park
**Kaart 5** Redlynch Central
**Kaart 6** Freshwater Christian College
**Kaart 7** Redlynch Park – Red Beret Hotel
**Kaart 8** Redlynch Park – Freshwater Railway Station
**Kaart 9** Barron River – Lower Freshwater Road
**Kaart 10** Barron River – Freshwater Railway Station


**Areas buite die rooi sone mag steeds geaffekteer wees.**

Indien jou huis of besigheid geleë is enige plek binne die rooi sone of naby daaraan, moet jy voorbereid wees en weet wat om te doen indien die Copperlode Falls Dam Noodtoestand Ontruimingsplan geaktiveer word.

Die bespreking en deel van hierdie plan met jou familie of huishoudelike lede is noodsaaklik. Stap die voorgestelde ontruimingsroete nou sodat almal presies weet waarheen hulle moet gaan.

# My ontruimingsplan

## Kaart 1 Crystal Cascades




# Kaart 2 Gamburra Drive Park




# Kaart 3 Currunda Creek



# Kaart 4 Cairns Crystal Cascades Holiday Park



# Kaart 5 Redlynch Central




# Kaart 6 Freshwater Christian College



# Kaart 7 Redlynch Park – Red Beret Hotel



# Kaart 8 Redlynch Park – Freshwater Railway Station



# Kaart 9 Barron River – Lower Freshwater Road





## Sleutel

- Buitelug Waarskuwingstasie
- Verwysingspunt
- Rooi Sone
- Bymekaarkomplek
- Staproete

**Verwys na bladsy 5 vir verdere inligting.**

Verbind met kaart 7

# Kaart 10 Barron River – Freshwater Railway Station




Verbind met kaart 8

# Gereelde Vrae

## Hoekom het ek 'n ontruimingsplan nodig?

In 'n noodtoestand is elkeen verantwoordelik vir hulle eie veiligheid. Deur nou 'n ontruimingsplan in plek te hê sal jou tyd bespaar indien die vroeë waarskuwingstelsel geaktiveer word en die sirenes en ontruimingsboodskap gespeel word. Inwoners en besigheidseienaars in die Redlynch Valley en aangrensende gebiede moet hierdie gids gebruik vir voorbereiding, deel en oefening van hulle eie noodtoestand ontruimingsplan.

## Watter areas sal waarskynlik geraak word?

Terwyl die moontlikheid van 'n damdefek uiters laag is, kan die gevolge baie ernstig wees oor 'n gebied wat strek vanaf Crystal Cascades deur die Redlynch Valley tot Freshwater en Brinsmead (sien kaart 6 - Geaffekteerde Gebiede Kaarte). Indien jy in 'n geïdentifiseerde rooi sone bly, is dit uiters belangrik dat jy en jou huishouding die potensiële risiko verstaan, weet wat om te doen indien 'n ontruimingsbevel gegee word en heel belangrikste, weet waarheen om te gaan.

## Wat is die 'rooi sone'?

Die rooi sone dui die moontlike geaffekteerde hoë-risiko gebiede aan in die onwaarskynlike geval van 'n damdefek.

## Hoe lang waarskuwing sal ek hê?

Die sirenes sal inwoners en besoekers waarsku om te ontruim slegs wanneer 'n damdefek dreigend is of reeds plaasgevind het. Wanneer die sirenes gehoor word, is die veiligste ding om te doen om onmiddellik tot aksie oor te gaan en te voet te beweeg na 'n vooraf geïdentifiseerde bymekaarkomplek op 'n hoër gebied weg van die rooi sone.



## Wat is die moontlikheid van 'n damdefek?

Die moontlikheid van 'n damdefek is uiters laag. Die Raad het maatreëls in plek om die integriteit van die dam te verseker, insluitende gedetailleerde inspeksieprosedures en deurlopende instandhoudingsprogramme. Hierdie ontruimingsgids hou slegs verband met onvoorsiene nie-weerverwante gebeure wat kan lei tot 'n damdefek.

## Ek kan nie te voet ontruim nie. Wat moet ek doen?

Almal is verantwoordelik vir hulle eie veiligheid. Mense met gestremdhede en bejaarde inwoners wat in die rooi sone bly is verantwoordelik vir hulle eie ontruiming en moet 'n persoonlike noodtoestand ontruimingsplan voorberei. Die plan moet die identifisering van iemand soos 'n familielid, buurman of vriend insluit om te help met ontruiming na 'n bymekaarkomplek.

## Wat is die Copperlode Falls Dam Noodtoestand Ontruimingsplan?

As die eienaar van Copperlode Falls Dam en as deel van die wetgewende vereistes, het Cairns Streeksraad 'n Noodtoestand Aksieplan (EAP) wat op die webblad beskikbaar is. Die EAP verduidelik rolle en verantwoordelikhede, kommunikasieprosedures en dam-spesifieke noodtoestand scenarios.

## Hoe sal jy weet wat my telefoonnommer is om my of besoekers in kennis te stel deur teksboodskappe?

Cairns Streeksraad gebruik verskeie teksboodskap-waarskuwingstelsels in die geval van 'n noodtoestand. Verwys na **Addisionele Waarskuwings** op bladsy 3.

POSBUS 359 QLD 4870
1300 69 22 47
council@cairns.qld.gov.au
www.cairns.qld.gov.au



## NOODKONTAKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Polisie Brandweer Ambulans<br>Noodgevalle alleenlik | **000** |
| Staat Nooddienste (SES) | **13 25 00** |
| Ergon Energy<br>Vir elektrisiteitsnoodgevalle en dringende gevaarlike situasies | **13 22 96** |
| Pad en Verkeer Toestande (TMR) | **13 19 40** |
| Gesondheid en Hospitaal Inligting (QH) | **13 HEALTH (13 43 25 84)** |
| Watervoorsiening Noodgevalle (CRC) | **1300 69 22 47** |
| Nie-noodgeval Situasies | Polisie: **13 14 44**<br>Ambulans: **13 12 33** |

Gemaak van herwonne papier

**VRYWARINGSNOTA:** Alhoewel alle sorg geneem word om die akkuraatheid van hierdie data te verseker, maak Cairns Streeksraad geen vertoë of waarborge oor akkuraatheid, betroubaarheid, volledigheid of geskiktheid daarvan vir enige spesifieke doel nie en ontken alle verantwoordelikheid en alle aanspreeklikheid (insluitend sonder beperkings, aanspreeklikheid in nalatigheid) vir alle uitgawes, verliese, skade (insluitend indirekte of gevolgskade) en koste wat jy mag aangaan as gevolg van die data wat op enige manier of om enige rede onakkuraat of onvolledig is.